

Vir toegang tot ons wêreld moet jy eers om een van ons graadprogramme aansoek doen. Maar voordat jy kan aansoek doen, moet jy weet of jy aan die Universiteit Stellenbosch se basiese toelatingsvereistes voldoen.

BEGIN HIER

Ons basiese toelatingsvereistes is soos volg:

'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) wat deur Umalusi gesertifiseer is vir toelating tot baccalaureusgraadstudie, wat vereis dat minstens 65% in elk van vier skoolvakke op die lys aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal moet word.

Aflegging van die Nasionale Normtoets (NNT's) AQL wat vir jou gekose graadprogram vereis word.

ONTHOU



Elke fakulteit het ook fakulteit- en programspesifieke toelatingsvereistes. So, al kom jy dalk vir universiteitstoelating in aanmerking, moet jy steeds aan ons fakulteits- en programvereistes ook voldoen om tot 'n bepaalde graadprogram toegelaat te word. Konsulteer die Fakulteitsriglyne deur op die Lettere en Sosiale Wetenskappe-skakel [hier](#) te klik. As jy onseker is oor die vereistes waaraan jy nog moet voldoen, kom haal gerus een van ons boekies oor Voorgraadse Toelatingsvereistes by die Opedag of klik op die Minimum Toelatingsvereistes-skakel [hier](#). Vir selfs vollediger inligting, raadpleeg die fakulteit se [Jaarboek, Deel 4](#) deur op die blok vir Lettere en Sosiale Wetenskappe te klik.



So, jy stel belang in die wêreld van die lettere en sosiale wetenskappe en het besluit om 'n joernalis, vertaler, politikus, onderwyser, akteur, musikant of sielkundige te word. Maar wat van al die ander, minder bekende loopbane daar buite? Het jy byvoorbeeld al ooit Filosofie of Inligtingwetenskap oorweeg? Of daaraan gedink dat as jy Geskiedenis as vak neem, jy jou brood en botter uit die verlede kan verdien as 'n reklamekonsultant, scenario-ontleeder of argivaris?



Ons padkaart wys jou in 'n paar eenvoudige stappe hoe om jou weg deur 'n wêreld vol uiteenlopende studie- en loopbaanmoontlikhede te vind. Gryp 'n bottel water en kom ons spring weg op hierdie reis om jou vir die moderne en mededingende arbeidsmark toe te rus.



021 808 2138

021 808 2123

www.sun.ac.za/lettere

lek@sun.ac.za

SKAKEL MET DIE FAKULTEIT

PADKAART NA DIE BA-WÊRELD



